
Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Nr./No. 106 — 110 MARCH/MAART 1995

5997.

# Pretoriana




AKADEMIESE INLIGTINGSDIENS
TYDSKRIFTE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
DATUM: 27 OCT 1995
VAKKODE: 2A 968
Pretoriana 1995/106

**TYDSKRIF VAN DIE PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING: GENOOTSKAP OUD-PRETORIA**

**JOURNAL OF THE PRETORIA HISTORICAL ASSOCIATION: OLD PRETORIA SOCIETY**

**PRYS R 8,00 PRICE**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

PRETORIANA, Tydskrif van die Pretoriase Historiese Vereniging/
Journal of the Pretoria Historical Association,no./Nr.106

Bestuurslede / Committee members:

Dr.N.A.Coetzee, voorsitter/chairman, tel. (012) 46 3142

Mnr./Mr.W.J.Punt, ondervoorsitter/vice-chairman,waaksaamheid../ vigilance

Mnr./Mr.L.E.Cloete, verteenwoordiger Stadsraad van Pretoria/ representative of the Town Council of Pretoria

....., sekretaris / secretary

Mnr./Mr.T.E.Andrews, redakteur van die "Nuusbrief" / editor of the "Newsletter"

Mev./Mrs.M.Andrews, organisasie van toere / organization of tours

Mev./Mrs.M.Bees, aflewering aan die poskantoor / delivery to the post office

Dr.C.de Jong, redakteur van "Pretoriana"/editor of "Pretoriana"

Mnr./Mr.W.du Plessis, skooltuine / school gardens

Mnr./Mr.L.P.Prinsloo, penningmeester / treasurer

Mnr./Mr.A.van Vollenhoven, forte/forts

Mev.'Mrs.I.Vermaak

Mej./Miss E.Viljoen, organisasie van byeenkomste / functions

Mev./Mrs.M.L.Willmer, archief / archive

Die posbusnommer van die sekretariaat is 4063, Pretoria 0001.
The post office box of the secretariat is 4063, Pretoria 0001.

"Pretoriana is Africana"

Offer of back-copies of "Pretoriana" on sale

Can you buy a history book of a 100 pages for R 20,00 or less? No! But you can buy over 500 pages of history of Pretoria and Transvaal for R 20,00. Contact Anton Jansen, a member of our Association, at telephone (012) 998 9406 at home, or (012) 804 1023, at his office in office hours, to arrange the purchase of a set of "Pretorianas", to be fetched by the purchaser or delivered to him or her. Some of the first issues are, however, out of stock. Anton Jansen's postal address is P.O.Box 33 704, Glenstantia, Pretoria 0010

Die inhoudsopgawe van die onderhawige uitgawe staan op die agtersy van die omslag se buitekant.
The table of contents of the present issue is on the reverse side of the cover.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



Die bestuur van die Pretoriase Historiese Vereniging: Genootskap Oud-Pretoria
The Committee of the Pretoria Historical Association: Old Pretoria Society
5 Augustus 1991
Van links na regs: / From left to right:
Mr. W.J. Punt, ondervoorsitter / vice-chairman - Mr. T.E. Andrews - Mrs. M. Andrews - Mrs. D.E. Nel, sekretaresse / secretary - Mr. C.J. Reinecke, aftredende penningmeester / retiring treasurer - Dr. N.A. Coetzee, voorsitter / chairman - Miss E. Viljoen - Mr. J.C. Flynn, nuwe penningmeester/ new treasurer.
Afwesig / Absent: Mrs. M. Bees - Mr. A. Jansen - Dr. C. de Jong - Mr. D.C. Panagos - Mrs. M. Willmer Photo: Mr. F. Dreyer

## VEERTIG JAAR GENOOTSKAP OUD-PRETORIA (8) - DIE TYDPERK 1987-1988*)

deur J. Ploeger

**Notule van die 39ste Algemene Jaarvergadering van 25.3.1987, gehou in die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum (NASKO)**

Daar was 'n groot aantal lede en besoekers aanwesig. In sy verslag het die voorsitter (Dr. N.A. Coetzee), allereers die volgende bedankings deur bestuurslede aangekondig: Mnr. D. Eksteen (tesourier), mev. F. Fourie (funksies) en mnr. Melt van Niekerk (erfeniskomitee). Hy het die afgetredenes vir hul dienste bedank en vervolgens 'n woord van dank aan mnr. en mev.

*) Die voorgaande aflewering is gepubliseer in "Pretoriana" no. 105, September 1994, p.68-77.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

T.E. Andrews gerig. In hulle gasvrye woning is elke maand vergader. Al die orige bestuurslede is bedank vir die verrigte en gewaardeerde arbeid. Verder is in die verslag genoem: Die onthulling van 'n gedenkplaat op Stigtersdag op die graf van Dr. W.H.J. Punt, DVD, die plant van 'n nuwe Koningin Wilhelminaboom (Burgerspark) en die piekniek by Rietvleidam. Die Ou Begraafplaas (Kerkstraat) is in 'n ordelike toestand gehou en die Stadsraad het 'n monument opgerig met die name van dié oorledenes wie se grafstene in die grafte begrawe is. Die Voortrekkers hou die Booysens-Hermann-grafte skoon. Die Erasmus-landhuis en ander geboue op die landgoed word deur Krygkor gerestoureer en die hoofgebou word vir ontspanning benut. Die GOP huur die tremhuisie op die hoek van Zeederberg- en Kerkstraat van die Stadsraad. Dit sal gerestoureer en as vertrekpunt vir die Genootskap se bustoere gebruik word. Die aanbring van 'n ou trem is in die vooruitsig gestel. O'Neill se huis by Majuba is - op aandrang van die GOP - opgekoop om gerestoureer te word. Die hoofkantoor van die ou slagpale van Pretoria (ontwerp deur Cowen) en die "Western Hotel" (ontwerp deur Dr. G. Moerdyk) geniet aandag i.vm. restourasie. I.v.m. opknapping en die aanbring van gedenkplate geniet die Pierneef-huis (De Waalstraat) en die ateljee aandag. Dit geld ook vir die aanbring van gedenkplate by die vroeëre woonhuise van wyle Dr. W.H.J. Punt, DVD, (Muckleneuk) en sy vader (Gerhard Moerdykstraat). Die Wurlitzer-orrel het teruggekeer, terwyl die voormalige tremloods nog teen sloping gevrywaar is. Die tweede J.J. Kirkness-gedenkplaat is by die Onderwyskollege onthul. Die gedagte bestaan om die Du Preezhoek-begraafplaas (Fonteine) in 'n gedenktuin te omskep. Weskoppies se geboue is onder die historiese en argitektoniese soeklig. Dit geld ook t.o.v. die oprigting van naamborde by riviere en spruite deur die Stadsraad.

I.v.m. die bustoere het Dr. Coetzee o.m. verklaar dat die toere goed ondersteun en heelwat nuwe lede gebring het. Hy het die leiers, mnr. T.E. Andrews en sy gade, mev. M. Andrews, lof en dank toegeswaai. Die "Nuusbrief", geredigeer deur mnr. T.E. Andrews, het in Julie 1986 sy tiende verjaarsdag herdenk. Van "Pretoriana" (redakteur prof. Dr. C. de Jong) is die hoë peil gehandhaaf. Dwarsdeur die RSA en in biblioteke word die GOP se tydskrif waardeer, aldus Dr. Coetzee.

Met betrekking tot straatname het die GOP historiese byvoegings in sommige gevalle bepleit. Die RGN help in dié verband. Die owerhede het die terreine by Fort Wonderboom en Fort Daspoortrand (Wesfort) laat skoonmaak en vir die publiek oopgestel. Moeite word gedoen om die terrein van Strubenskopfort as 'n gedenktuin op te knap en bekend te stel.

Ten opsigte van die middestad bly die GOP op hoogte van voorgestelde ontwikkelingsplanne en bepleit die bewaring van die Lewis en Marks- en die Kynoch-gebou. Met betrekking tot die werk van die Erfeniskomitee dra die GOP, danksy mnr. Melt van Niekerk, sy deel by. Daar word, aldus die voorsitter, 'n monument vir Nederlanders en oud-Nederlanders beoog wat vanaf die stigting van Pretoria tot 1950 bydraes i.v.m. die ontwikkeling van die stad gelewer het. Die monument word in die middestad beoog. In 1986 het die Laerskool Voorpos die eerste prys en skild in die skooltuine-wedstryd behaal.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die voorsitter het, voordat hy sy verslag voorgelees het, aangekondig dat mnr. J.N. Kirkness 'n tjek ter waarde van R3 000,00 aan die Genootskap geskenk het ter nagedagtenis aan sy vader, wyle mnr. J.J. Kirkness.

Vervolgens is die finansiële verslag voorgelê en aanvaar en is die verhoging van ledegeld tot R15,00 per jaar, goedgekeur.

Daarna is die nuwe bestuur vir 1987/1988 gekies. Die volgende persone is aangewys: Dr. N.A. Coetzee (voorsitter), mnr. Willem J. Punt (vise-voorsitter), mev. M.L. Willmer (sekretaresse), mev. I. Vermaak (posversendings), mnr. J. de Beer (tesourier), prof. Dr. C. de Jong (redakteur "Pretoriana"), mev. A. Dreyer (argivaris), mnr. T.E. Andrews (redakteur "Nuusbrief"), mev. M. Andrews (toere), prof. Dr. H. Petrick (grafte), mev. A. de Beer (funksies) en mev. S. Jacobs (skooltuine).

Mnr. T.E. Andrews het Dr. N.A. Coetzee dank betuig dat hy 30 jaar sy beste kragte aan die belange van die Genootskap gewy het. Daarna het mnr. R.C. de Jong se lesing, toegelig met skyfies, oor die NZASM gevolg.

75. Notule van die bestuursvergadering van 11.5.1987, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Die nuwe bestuurslede, mnr. J. de Beer en mev. A. de Beer, is verwelkom.

Onder die ingekome korrespondensie was 'n skrywe oor die restourasie van die tremhuisie (7.4.1987) en 'n skenking van R200,00 van die Standard Bank (25.4.1987).

Daar is elf nuwe lede, onder wie lewenslid mnr. T.L. Evans, voorgestel en aanvaar. Die Paasnaweektoer was 'n sukses en het verder, aldus mev. M. Andrews, 'n wins van R457,00 opgelewer. Die volgende toere is in die vooruitsig gestel: Na Benoni en na Rustenburg (die graf van Dr. Hermann M. Rex).

Prof. Dr. C. de Jong het eksemplare van "Pretoriana" (nr. 91) aan bestuurslede oorhandig. Die bestuur het besluit om die ledegeld tot R15,00 te verhoog. Die name van prof. Dr. H. Petrick en mnr. R. van Rensburg is deur die bestuur voorgestel om op die straatnamekomitee te dien. Mnre. Willem J. Punt, R. Tomlinson en T.L. Evans het die Fort Johnston-redoute, die enigste Britse blokhuis in Pretoria, met die oog op restourasie besoek.

Aan die lystingskomitee is R50,00 vir die aankoop van films toegestaan. Die voorsitter, Dr. N.A. Coetzee, het beswaar teen die begrawe van grafstene op die Ou Begraafplaas (Kerkstraat) aangeteken.

76. Notule van die bestuursvergadering van 3.6.1987, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome korrespondensie was 'n brief van mnr. Willem J. Punt (19.5.1987) aangaande die naam van die Genootskap. Die voorsitter het versoek dat dié aangeleentheid op die agenda van die volgende bestuursvergadering geplaas word. Die Stigting Simon van der Stel het sy goedkeuring vir 'n GOP-toer na Boekenhoutfontein geheg (20.5.1987). Onder die uitgaande korrespondensie was 'n skrywe aan die Stadsklerk van Pretoria i.v.m. die herontwikkeling van die stadskern (21.5.1987) en 'n bedanking aan die Standard Bank vir 'n donasie aan die GOP (18.5.1987).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

'n Nuwe lid is voorgestel en aanvaar. Mev. M. Andrews het vermeld dat die toer na Benoni 'n wins van R500,00 opgelewer het. Die volgende toer sal op 25.7.1987 na die woning van die Staatspresident wees. Mnr. T.E. Andrews se "Nuusbrief" was uitgestuur. Prof. Dr. C. de Jong, redakteur van "Pretoriana", het die ontvangs van 'n tjek van R1 000,00 van die ZASM Stigting (Amsterdam) aan die bestuur meegedeel. NZASM-materiaal sou in "Pretoriana" (nr. 92) verskyn en van mev. S. Jacobs se hand sou 'n bydrae oor Garlicks verskyn.

Johnston se redoute is as 'n gedenkwaardigheid by die RGN voorgedra. Mnr. Willem J. Punt het o.m. vermeld dat die Laerskool Oost-Eind 90 jaar oud is. Die skoolgebou se oudste deel (1904) is as 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Die plaashuis van "Bergsig" van ongeveer 1900, in Felixstraat, Mountain View, word gerestoureer.

Mnr. Avis sal van 9.11.1987 - 27.11.1987 skooltuine beoordeel en 'n funksie sal op 26.8.1987 gereël word (mnr. Boet Botha).

77. Notule van die bestuursvergadering van 10.8.1987, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Die kwessie van die naam van die Genootskap staan oor tot die Algemene Jaarvergadering van 1988. Onder die ingekome korrespondensie was 'n skrywe van die Stadsraad i.v.m. die Moreletta-spruit-wandelpad en die aanbring van naamplate op bome (29.5.1987) Van die Departement Nasionale Opvoeding is 'n skrywe i.v.m. 'n bydrae van R400,00 ontvang (13.7.1987). Uitgaande korrespondensie i.v.m. Hennopsrivier en Sesmylspruit is aan die Stadsraad van Verwoerdburg gerig.

Sewe nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Mev. M. Andrews het verklaar dat die toer na Libertas besonder aangenaam was. Die volgende toer sou op 19.9.1987 plaasvind. Die "Nuusbrief" sou uitgestuur word en "Pretoriana" was by die drukker. Daar is opgemerk dat die monument in die Ou Begraafplaas die naam van D. Erasmus verkeerdelik vermeld . Prof. Dr. C. de Jong het gesê dat 'n artikel oor wyle Dr. Hermann M. Rex in die Januarie-uitgawe van "Pretoriana" (1988) sou verskyn. Die werk van die lystingskomitee gaan voort. Vensters van die Ou Raadsaal word deur mnr. Kooiman Sr. bewaar, terwyl staaldeure van Fort Wonderboom opgespoor is. Die bestuur voel ongelukkig oor die beoogde verskuiwing van die Kruger-standbeeld en die voorgenome uitgrawery van Kerkplein en werk aan dié saak.

78. Notule van die bestuursvergadering van 7.9.1987, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome korrespondensie was 'n brief van die Stadsraad i.v.m. huurvoorwaardes vir die tremhuisie (27.8.1987) en 'n telegram van Minister A. Venter m.b.t. die stadskern (8.9.1987). Uitgaande korrespondensie het o.m. betrekking gehad op die Rietvlei-ontspanningsterrein (20.8.1987), die tronkdeure (19.8.1987) en die Arnold Theiler-huis (27.8.1987).

Mev. M. Andrews het i.v.m. toere o.m. meegedeel dat die toer deur Johannesburg, onder leiding van Dr. Oscar Norwich, geslaagd was. Die volgende toere is op 19.9.1987 bepaal. Mnr. T.E. Andrews het 'n staptoer vir die Genealogiese Vereniging na die Ou Begraafplaas gereël. Lede van die GOP kan aansluit.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Mnr. Andrews deel verder mee dat die Willem Prinsloo-landboumuseum die aangrensende plaas, met die familiebegraafplaas, koop. Mnr. Tomlinson het 'n skrywe aan die Stadsraad gestuur met die versoek om inheemse bome op Strubenkop te bewaar.

Mnr. Willem J. Punt vestig die aandag op 'n skenking van R2 000,00 deur die "Beweging Red Kerkplein" aan die lystingskomitee. Prof. Dr. C. de Jong het aangebied om op 24.9.1987 'n lesing oor die laaste Afrikaner in Jakarta (1903-1945) te hou.

79. Notule van die bestuursvergadering van 12.10.1987, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome korrespondensie was 'n brief van Minister A. Venter aangaande die ontwikkeling van die stadskern (5.10.1987). Die uitgaande korrespondensie het o.m. bestaan uit 'n skrywe oor gedenkplate by die Du Preezhoek-begraafplaas en 'n gedeelte van die NZASM-brug. Dié skrywe was gerig aan die Afdeling Parke, Stadsraad van Pretoria (6.10.1987).

Twee nuwe lede, o.m. lewenslid J.D. Farrell, is voorgestel en aanvaar. Mev. M. Andrews het 'n toer na Heidelberg (24.10.1987) aangekondig. Omtrent die finansiële toestand van die GOP is die volgende gegewens verstrek: Inkomste: R11 458,00; uitgawes: R8 716,00; banksaldo (lopende rekening): R6 527,00; banksaldo (spaarrekening): R1 361,00.

Mnr. Willem J. Punt het beklemtoon dat die Ou Presidensie (Bryntirion) nie vir die nageslag verlore moet gaan nie. Veertien laer- en tien hoërskole het vir die skooltuine-wedstryd ingeskryf. Die volgende funksies is aangekondig: 'n Wynproeaand (22.10.1987) en 'n jaareind-funksie (14.11.1987). Onder algemeen is genoem dat op 'n vergadering van die Bewaringskomitee van die Stadsraad op 4.11.1987, die GOP die tremhuisie, die Doors Erasmus-huis en die Pierneef-huis gaan bespreek.

80. Notule van die bestuursvergadering van 9.11.1987 gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die inkomende briewe was 'n skrywe van die Stadsraad van Pretoria i.v.m. die NZASM-brug en die skoonmaak van 'n wandelpad (26.10.1987). Omtrent die Du Preezhoek-begraafplaas het die Stadsraad m.b.t. 'n omheining (26.10.1987) berig. Die voorsitter (Dr. N.A. Coetzee) het belowe om AVBOB aangaande 'n heining te nader.

Op die wynproe-aand, georganiseer deur die KWV, was ongeveer 70 persone, aldus mev. M. Andrews. Sy het verder o.m. meegedeel dat die burgemeester van Heidelberg die GOP-groep van 52 lede ontvang het.

Mnr. T.E. Andrews het voorgestel dat, tydens die uitstappie op Pretoriadag, twee kranse, t.w. op die grafte van 'n Boer en 'n Brit, gelê word en dat daarna Rietvleidam besoek word (14.11.1987).

"Pretoriana" (nr. 92) en die "Nuusbrief" sou saam uitgestuur word. Die voorsitter het mnr. T.E. Andrews en prof. Dr. C. de Jong bedank vir hulle werk.

Mnr. Willem J. Punt het gerapporteer dat taaladviseurs van die Stadsraad aan byskrifte op straatnaamborde werk. Verder het hy die aandag daarop gevestig dat die Universiteit van Pretoria

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

'n huis wil sloop waarin die Laerskool Pretoria-Oos begin het. Daar is besluit om 'n brief aan die rektor te stuur.

Mnr. Avis sou die skooltuine beoordeel en mev. Jacobs is dank vir haar werk betuig. Mnr. Willem J. Punt het vermeld dat proewe met verskillende soorte naamplate gedoen word.

81. Notule van die bestuursvergadering van 1.2.1988, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Die voorsitter het Burgemeester prof. Dr. C. Swart verwelkom. Burgemeester prof. Dr. Swart het aangekondig dat die Stadsraad besluit het om persone te benoem om die Ou Begraafplaas en die Helde-akker netjies te hou. Met betrekking tot die forte sien drie Raadslede om na die restourasie van Fort Wonderboom. Mnr. Willem J. Punt het gevra of Fort Strubenkop ook op dié program kan kom en verder vermeld dat die stadskernprojek goed vorder en sowel die Lewis en Marks- as die Kynoch-gebou insluit. Dieselfde spreker het, met verwysing na wandelpaaie en die tremhuisie aan Kerkstraat, na bespreking van Burgemeester prof. Dr. C. Swart, op 25.2.1988, gerefereer.

Daarna het die ingekome en uitgaande korrespondensie ter sprake gekom. Van die Stadsraad is berig ontvang dat byskrifte op straatnaamborde R689,00 per stuk sal kos. Die restourasiebank het 'n geldelike bydrae gevra (9.12.1987). Daar is besluit om R90,00 te stuur.

Volgens mev. M. Andrews was die toer na die Erasmus-landhuis, die Smuts-huis en Modderfontein 'n sukses. Die volgende toer is op 20.2.1988 (Rietvleidam, Belofte, Grootfontein) bepaal. Dan is ook 'n Paasnaweektoer in die vooruitsig gestel.

Prof. Dr. C. de Jong, redakteur van "Pretoriana", het na die duurte van drukwerk verwys en daaraan toegevoeg dat hy na 'n goedkoper wyse van druk uitsien. Mnr. Willem J. Punt het voorgestel om 'n toekenning van die Stadsraad en die Departement van Kultuurbevordering te vra.

Tesourier De Beer het die finansiële toestand van die Genootskap op 31.12.1987 soos volg opgesom: saldo lopende rekening R2 071,00, spaarsaldo R1 536,00. Mnr. T.E. Andrews het vermeld dat hy vasgestel het dat die Du Preezhoek-begraafplaas die ou dorpsbegraafplaas was. In 1906 moes, volgens hom, die plek vir 'n spoorlyn plek maak. As gevolg van mnr. Andrews se aansporing is deur die RGN grafstene op die grafte van genl. Kock en C.F.E. Jeppe opgerig. Die voorsitter het die bestuur se dank en waardering betuig.

Die eerste prys in die skooltuine-wedstryd is deur die Melville-skool en die tweede prys deur die Laerskool Fleur verower. Mev. S. Jacobs het haar bedanking ingedien. Besluit is om die Algemene Jaarvergadering op 24.3.1988 in die ouditorium van die Poskantoormuseum te hou. Mnr. T.E. Andrews het vermeld dat die Genootskap binnekort veertig jaar oud sou wees. Die voorsitter (Dr. N.A. Coetzee) het van die mooi seremonie op Pretoria-dag getuig en almal bedank wat by Rietvleidam gehelp het.

82. Notule van die bestuursvergadering van 7.3.1988, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die aanwesiges was Raadslid S. de K. Venter, verteen-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

woordiger van die Stadsraad. Onder die inkomende korrespondensie was 'n dankbetuiging aan bestuurslid Willem J. Punt vir hulp i.v.m. die voormalige tremloods (12.2.1988) en 'n mededeling van die Stadsraad dat die herontwikkeling van die stadskern nog geruime tyd sou duur.

Mev. M. Andrews het haar tevredenheid oor die verloop van die toer na Rietvleidam, Belofte en Grootfontein, sowel as omtrent die braai op mnr. Anton Jansen se plaas uitgespreek en dank aan laasgenoemde betuig. Sy het aangekondig dat die volgende toer die deelnemers na Zwartkopjes Hall en die Willem Prinsloomuseum sou voer. Mnr. T.E. Andrews was tevrede oor die "Nuusbrief" en die posversendings. Prof. Dr. C. de Jong, redakteur van "Pretoriana", het die tikwerk op 'n IBM-masjien laat doen en dié nuwe werkwyse as 'n besparing bestempel. Die Victoria-drukkery het "Pretoriana" dan verder afgehandel. Dank is aan prof. Dr. C. de Jong en prof. Dr. H. Petrick betuig.

Vervolgens het mnr. T.E. Andrews die aandag op 'n "Be my Guest"-artikel van mnr. Eric Bolsmann oor forte en 'n artikel oor homself gevestig. Mnr. Willem J. Punt het aangevoer dat die Sammy Marks-museum die voorgestelde uitbreiding van Eersterust in die gedrang bring. Die voorsitter (Dr. N.A. Coetzee) het meegedeel dat hy reeds twee skilde en 'n beker, i.v.m. die jongste skooltuine-wedstryd, uitgedeel het. Mnr. Punt het vermeld dat die hofsaak oor die Lewis en Marks- en Kynoch-gebou afgehandel was en die Burgerlike Trust met sy voorleggings vir herontwikkeling van die kompleks voortgaan. Dr. N.A. Coetzee, mnr. Willem J. Punt en mnr. Kruger (van die Stadsraad), sowel as mnr. Anton Jansen e.a. is aangewys as 'n komitee om die tremhuisie-aangeleentheid te bespreek. Besluit is om die voorgestelde naamsverandering van die GOP vir bespreking deur die nuwe bestuur te laat oorstaan. Na 30 dae-kennisgewing kan 'n spesiale vergadering belê word. Daar kan slegs, met 'n twee-derde meerderheid, tot 'n verandering oorgegaan word.

Verwysings na die notule, soos gepubliseer in "Pretoriana" onder redaksie van prof. Dr. F.J. du Toit Spies (-1983) en daarna prof. Dr. C. de Jong (1988)

| | |
|---|---|
| No. 80, Nov. 1980, | Kranslegging by die Koningin Wilhelminaboom 30.10.1980, pp.7-20.<br>Dr. N.A. Coetzee: Die Booysen Begraafplaas in V.d. Hoffweg, Booysens, Pretoria, pp.59-61.<br>Kransleggingsplegtigheid ter herdenking van Stigtersdag, pp.78-80. |
| No. 81, Julie 1981, | Begrafnis: Dr. W.H.J. Punt, pp.3-5.<br>Lewenskets Willem Henry Jacobus Punt, pp.6-7.<br>Oorhandiging van ou tronkdeure, Potgieterstraat aan Genootskap Oud-Pretoria, pp.101-102.<br>Genootskap Oud-Pretoria - Society Old Pretoria Jaarverslag/Annual Report 1980-1981, pp. 120-123.<br>Tuinboukompetisie (1980), p.124. |
| No. 82, Julie 1982, | Redaksie: Dr. Hermann Rex 1918-1981, pp.73-74.<br>Voorsittersverslag 1981-1982, Omslag pp.3-4. |

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

No. 83, Feb. 1983, From the Editor/Van die Redaksie, p.2.
Foto: Bestuur/Photograph: Executive Committee, p.3.
Mervyn Emms: Pretoriana Exhibition, p.28.
Genootskap Oud-Pretoria en andere: Uitstalling van voorwerpe in privaatbesit: NASKO-museum: Opening: Burgemeester (Rld. Dr. P.R. Smith): Woensdag 24 November 1982 om 17h00, pp.28-30.
Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum Pretoriana-uitstalling, pp.30-35.

No. 84, Julie 1983, Uitgawe Dr. Willem Punt.
Van die Redaksie, pp.2-3.
Willem J. Punt: Lewenskets Willem Henry Jacobus Punt, pp.3-4.
A.C. de Villiers: Afkoms en kinderjare, pp.4-7.
Dr. S. Meiring Naudé: Dr. W.H.J. Punt, pp. 9-10.
Ton Koot: Dr. Willem H.J. Punt, 1900-1981, pp.11-15.
A.C. de Villiers: Dr. Punt die onderwysman, p.15.
Prof. Dr. F.J. du Toit Spies: Dr. Willem Punt en die Genootskap Oud-Pretoria, pp.17-29.
J. de W. Trichardt: Die aandeel van Dr. W.H.J. Punt in die daarstelling van die gedenktuin in Maputo, ter herinnering aan die Louis Trichardt-trek, p.30.
Dr. W. Punt: Waar die Van Rensburgtrek in 1836 vermoor is. (Verslag van 'n ekspedisie.) pp.31-34.
Hannes Meiring: 'n Reis met Dr. Punt in 1976, pp.35-36.
Navorsingswerk, pp.37-38.
A.C. de Villiers: Stigtings en ander organisasies, pp.39-40.
A.C. de Villiers: Publikasies, pp.40-41.
A.C. de Villiers: Artikels van historiese aard deur Willem Henry Jacobus Punt, pp. 42-46.
A.C. de Villiers: Rolprente en skyfies, p.46.
Begrafnis Willem Henry Jacobus Punt, pp.47-48.
Voorsittersverslag - jaar 1982-83 (GOP), pp.49-52.

No. 85, Maart 1984, Prof. H.C. Petrick: Maria Elizabeth Prinsloo (gebore Booysen), pp.33-35.

No. 86, Desember 1984, Lys van bestuurslede van die Genootskap Oud-Pretoria op 1 Oktober 1984, p.3.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

No. 86, Desember 1984, (vervolg)
Dr. N.A. Coetzee: Die familiebybel van Pres. S.J.P. Kruger, pp.4-8.
Prof. Dr. C. de Jong: Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria (1), Die NZASM-brug aan die Maria van Riebeeckweg, pp.28-31.
Dr. N.A. Coetzee: John Johnston Kirkness, pp.40-46.
Dr. B. Cronjê: 'n Bewaringsplan vir Pretoria, pp.47-60.

No. 87, April 1985,
Lys van bestuurslede van die Genootskap Oud-Pretoria, 1 Maart 1985, p.4.
Prof. Dr. C. de Jong: Onthulling van gedenktekens op die Booysen-begraafplaas (inleiding), pp.5-6.
Prof. Dr. H.C. Petrick: Onthulling van die gedenksteen en grafstene van die Booysen-Voortrekkergrafte, Claremont, Pretoria, 17 November 1984 (rede), pp.6-10.
Fotobeeld van die restourasiepoging en onthulling, pp.11-14.
Prof. Dr. C. de Jong: Lewe en bedryf van Samuel Marks, 1843-1920, pp.15-19.
Dr. B. Cronjê: Zwartkoppies Hall, die huis van Sammy Marks, pp.21-25.
T.E. Andrews: The Old Cemetery in Pretoria (2), pp.41-47.
Prof. Dr. C. de Jong: Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria (2), Die ou NZASM-Goederekantoor, Railwaystraat, Pretoria, pp.48-50.

No. 88, Nov. 1985.
Prof. Dr. C. de Jong: Die familiebybel van Paul Kruger geveil, p.4.
Dr. N.A. Coetzee: Resultaat van die Skooltuine-kompetisie in die distrik Pretoria, 1984, pp.5-6.
Prof. Dr. C. de Jong: Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria (3), Die NZASM-lokomotief en -rytuig op die Pretoriase hoofstasie, pp.39-41.
Dr. N.A. Coetzee: John Johnston Kirkness, pp.49-55.
T.E. Andrews: The Old Cemetery in Pretoria (3), pp.58-64.

No. 89, April 1986,
Prof. Dr. C. de Jong: Herdenking van die skilder Jan Hendrik Pierneef, pp.11-13.
S.W. Jacobs: Geskiedkundige oorsig van die skooltuine-kompetisie 1955-1985, pp.14-16.
W.J.B. Ridgard en Dr. N.A. Coetzee: Toesprake by die onthulling van 'n gedenkplaat ter ere van J.J. Kirkness op 23 September 1985, pp.38-43.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Prof. Dr. C. de Jong: Die suidelike sterrewag van Leiden by Pretoria, pp.46-50.
Prof. Dr. C. de Jong: Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria (4), Gerrit Adriaan Arnold Middelberg, pp.64-67.

No. 90, Nov. 1986, Lys van bestuurslede van die Pretoriase Historiese Vereniging (Genootskap Oud-Pretoria) op 1 November 1986, Omslag, p.2.
Dr. N.A. Coetzee: Toespraak by geleentheid van die onthulling van die J.J. Kirkness-gedenkplaat by die Onderwyskollege, Pretoria op 3 Junie 1986, pp.5-9.
Verskyning van boek oor die geslag Du Plessis, p.42.
Prof. Dr. C. de Jong: The checkered career of George Kynoch, pp.43-45.
Prof. Dr. C. de Jong: Die spoorwegverlede herleef, pp.74-75.

No. 91, April 1987, Prof. Dr. C. de Jong: 1887 - 21 Junie 1987, die NZASM 100 jaar, pp.4-7.
Robert C. de Jong: The NZASM in and around Pretoria: A visual record, pp.8-20.
R. Searle: The story of 'Roos', pp.21-39.
Prof. Dr. C. de Jong: Byvoegsel betreffende die "schaarbeweging", pp.40-41.
Dr. Kenneth E. Wilburn: Cecil Rhodes, James Sivewright and Paul Kruger: The Nature of Railway Diplomacy in South Africa, 1890-1892, pp.43-57.
Prof. Dr. C. de Jong: Die NZASM en die Oos-Indiese spoorweë, pp.59-61.
Prof. Dr. C. de Jong: Die Koningin Wilhelminaboom herplant, pp.62-67.
Eerbewys aan Dr. W.H.J. Punt, pp.68-70.
S.W. Jacobs: Skooltuinekompetisie 1986, p. 80.

No. 92, Nov. 1987, Robert C. de Jong: Beknopte geskiedenis van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (1), p.3-11.
Kol. Dr. Jan Ploeger: Die oprigting van die NZASM-monument op Waterval Boven (1934) en die Pretoriase herdenkingsfeeste in 1945, pp.12-27.
Dr. N.A. Coetzee: Die ontwikkeling van die stadskern van Pretoria. (Toespraak, 24.2.1987), pp.28-31.
Anonymous: History of the Standard Bank Group, pp.40-43.
Prof. Dr. C. de Jong: Vandalisme - Vanwaar die uitdrukking?, pp.79-80.

No. 93, April 1988, Lys van bestuurslede op 1 Maart 1988, Omslag, p.2.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Robert C. de Jong: Beknopte geskiedenis van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (2), pp.3-12.
Prof. Dr. C. de Jong: Die NZASM in die oorlog 1899-1902, pp.13-19.
Prof. Dr. C. de Jong: Jeugverhaal oor die NZASM en wildbewaring, pp.20-21.
Prof. Dr. C. de Jong: Voor en teen die NZASM, pp.22-23.
Onthulling van gedenkplaat op graf van Hermann Rex, p.24.
Kol. Dr. Jan Ploeger: Ter herinnering aan Dr. Hermann Moritz Rex, 1918-1981, pp.25-37.
Genootskap Oud-Pretoria - Wynproefunksie - Toespraak van die Onderburgemeester, Raadslid Bill Heunis: 22 Oktober 1987 - 19h00, Boomstraatmuseum, pp.38-39.
S.W. Jacobs: Skooltuinkompetisie 1987, p.65.

No. 94, Nov. 1988, Kol. Dr. Jan Ploeger: Veertig jaar Genootskap Oud-Pretoria. Ontstaan en riglyne. 'n Eie wapen en tydskrif. Eerste werksaamhede, pp.3-17.
L.W. Die stigtingsdatum was 22 Maart 1948.



Die bestuur van die Pretoriase Historiese Vereniging: Genootskap Oud-Pretoria in September 1990*)
Van links na regs: Mnr. A. Jansen - Mev. M. Bees - Mnr. D. Panagos - Mnr. C.J. Reinecke**) - mev. M.L. Willmer - Dr. C. de Jong - Mev. M. Andrews - Mnr. W.J. Punt - Mnr. T.E. Andrews
*) Die voorsitter, Dr. N.A. Coetzee, was afwesig
**) Penningmeester, in Augustus 1991 opgevolg deur Mnr. J.C. Flynn

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# DIE "TRANSVAALSCHE ROODE KRUIS" EN DIE "IDENTIFICATIE-DEPARTEMENT"

deur Kol. (Dr.) Jan Ploeger

## Inleiding

Hierdie studie is gewy aan die ontstaan en werksaamhede van die Identiteitsdepartement of -afdeling van die Transvaalse Rooi Kruis te Pretoria.

Die belangrikste gegewens is ontleen aan die publikasie "Handelingen der Nederlandsche Vereeniging tot het verleenen van hulp aan zieke en gewonde krijgslieden in tijd van oorlog, genaamd het Nederlandsche Roode Kruis" (Den Haag, 1902). Bylae 3 van hierdie verslag staan in verband met die genoemde afdeling in Pretoria (pp 47-58) en dit geld ook vir byvoegsels 1-3 (pp 59-64). In die onderhawige aantekening word na hierdie bron as H verwys.

'n Tweede bron van betekenis is hoofstuk 3 van die publikasie "Onder het Nederlandsch-Indische Roode Kruis naar Zuid-Afrika" (Batavia, 1903), van die hand van Drr. J.H.P. van Kerckhoff en H.C. Buning, albei Offisiere van Gesondheid. Dr. Van Kerckhoff was verantwoordelik vir die gedeelte "Het Zuid-Afrikaansche Identiteitsbureau van het Roode Kruis" (met 14 bylaes, pp.21-56). Hierdie bron is van groot belang i.v.m. die uiteensettings van die werksaamhede van die seksies identifikasie en publikasie, sowel as die seksie statistiek.

'n Derde bron van betekenis is die inventaris van die Identifikasie-afdeling in die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria. Die verwysing na die Bataviase publikasie van 1903 is N.O., dié van die inventaris I.

Verdere gegewens is o.m. verwerk in Wilhelm Vallentin: "Der Burenkrieg" (Solingen-Leipzig, 1903), deel 1, pp.275 e.v.; en J.H. Breytenbach, "Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902" (Pretoria, 1969), deel 1, p.91 e.v.

Voordat die eintlike onderwerp onder oë geneem word, is dit van belang om eers die aandag op die stigter van die internasionale Rooi Kruis-organisasie, die Switser dr. Henri Dunant (1828-1910), en die "Vereeniging het Transvaalsche Roode Kruis", te vestig.

## 1. Dr Henri Dunant (1828-1910)

Dr Henri Dunant was die stigter van die Rooi Kruis-organisasie. Op 22 Augustus 1864 het hy in die Switserse stad Genève die Internasionale Konvensie van die Rooi Kruis gestig. Die uiters belangrike dokument was bedoel om wêreldomvattende hulp aan gewondes en krygsgevangenes te verleen en om in oorlogstyd die burgerlike bevolking by te staan. Dr Dunant het op die slagveld van Solferino (Junie 1859) aanskou hoe 40000 dooies en swaargewondes sonder hulp aan hulle lot oorgelaat is. Hy het na aanleiding hiervan 'n vlammende protes opgestel, waarin hy 'n beroep op die gewete van die mensheid gedoen het om 'n vrywillige hulpkorps in die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011